14 SEPTEMBER 2025

# TORINGKERK NUUS

OGGEND EREDIENS | ROEPING & KONINKRYK | JOH. 21:20-22



We gather as people called by God — a precious, costly, transforming calling. We are invited to see Christian vocation not simply as “finding a job I like and doing it well,” but as a summons from the living God, rooted in grace, lived out over a journey, and vulnerable to certain distortions and temptations.

# PREEKREEKS OOR KONINKRYK & ROEPING

Hierdie Sondag is al ons 5de Sondag in ons reeks wat aansluit by ons Pinksterreeks oor die Koninkryk van God, maar waar ons ook kyk na ons elkeen se roeping. Kom reis saam en ontdek dat jy self op jou naam geroep is deur die lewende God om 'n lewe van betekenis te leef in hierdie wêreld. Ons ontdek saam hoe ons ook besig om die Koninkryk te laat kom in ons allerdaagse lewe.





# NAGMAAL

Ons vier hierdie Sondag weer Nagmaal saam. Dis altyd 'n groot voorreg om dit as geloofsfamilie saam te kan doen. Die nagmaal-tekens gaan weer voor in die kerk, agter die ronde banke beskikbaar wees en ons vra dat jy sommer jou tekens gaan kry as jy in die kerk inkom Sondagoggend. Hierdie reëling help net met die vloei van die diens.

# SOMER KERKTYE

Ons herinner julle sommer nou al dat van Oktobermaand af is kerk weer om 09:00. Maak nou al 'n nota hiervan sodat jy nie vergeet nie. Als skuif dan 'n halfuur vroeër, dit sluit die Kinderkleingroepe en KruisConnect ook in.

**Oktober tot Maart - 09:00**
**April tot September - 09:30**



# KOFFIE BEDIENING

Een van die lekkertes van Sondagoggende by Toringkerk is ons heerlike koffie wat bedien word voor die diens. Ons het egter mense nodig om te help om hierdie koffie op te sit voordat mense by die kerk aankom. As dit dalk 'n manier is waar jy voel jy kan bedien, ***kontak asb vir Anna-Marie in die kerkkantoor***. Daar is 'n rooster en jy sal nie elke Sondag aan diens wees nie. Ons sal ook vir jou presies wys hoe en waar en wat. Al wat ons nodig het is jou bereidwilligheid.





# DATABASIS PROJEK

Ons het 'n hele paar mense nodig om so uur per week af te staan en ons te help in die kerkkantoor om deur ons lys lidmate te gaan en om te bel en te hoor of hulle nog in die gemeente is. Ons het 'n klomp mense op ons databasis maar dit weerspieël nie die werklike getalle of persone nie.

As jy kans sien om te help, ***kontak vir Anna-Marie in die kerkkantoor***. Dit kan enige dag of tyd in die week wees. Ons sal die lys daar hê en jy gaan voort waar die persoon voor jy klaar gemaak het. Help ons asb hiermee as jy 'n tydjie oop het! Ons sal dit baie waardeer!

# TE KOOP

Die Markietie is verby en daar is nog wilds-droëwors en -biltong beskikbaar in die kerkkantoor. Die biltong en droëwors gaan vir R185 per pak. Dit is heerlik en dit gaan vir ons Markietie-fondse.

***Dit is beskikbaar op ons aanlyn-winkel by: www.tkmarkietie.co.za of by Anna-Marie in die kerkkantoor.***



# RUSOORD BEDIENING

Ons het agtergekom dat die inwoners van Rusoord 'n behoefte het aan besoeke. Baie van hulle is eensaam en word nie op 'n gereelde basis besoek deur familie en vriende nie. Ons wil graag op hierdie manier by hulle betrokke wees en hulle bedien.

***As jy beskikbaar is om betrokke te raak kontak asb vir Hannetjie (083 650 1860) of Jana.***





# RUSOORD MUSIEK BEGELEIDING

Daar vind elke Sondag 'n erediens in Rusoord plaas om 10:30. Die mense sing ook lekker saam maar het behoefte aan musikale begeleiding (klavier, gitaar of enige ander instrument). As jy dalk op hierdie manier geroep voel om met tye daar te bedien, kontak asb vir Hannetjie (083 650 1860) of Jana. Dit hoef nie elke week te wees nie en as daar 'n hele paar mense is sou daar 'n rooster uitgewerk kon word.

# DIEP EN VER

Die Diep en Ver Bediening in ons gemeente demonstreer geloof in aksie wat met liefde en hoop op Jesus Christus uitgevoer word, soos Paulus skryf aan die gemeente in Tessalonisense (1 Tess1:3). Dit versterk ook onderlinge verhoudings binne die gemeente sowel as die gemeenskappe buite die gemeente.

**Ons verwelkom graag enige voorstelle waardeur Toringkerk se diens aan die gemeenskap verder uitgebrei kan word.**








# 'N GROOT MARKIETIE DANKIE

'n Hartlike dankie aan almal wat 'n rol gespeel het om ons MARKietie 2025 'n sukses te maak!

Van die Toringkerk personeel, vrywilligers, skenkers, en kunstenaars, tot elke besoeker en skool wat ons ondersteun het — julle tyd, moeite en vrygewigheid het hierdie fondsinsameling in 'n pragtige dag van gemeenskap en seën omskep.

Danksy julle kon ons fondse vir Toringkerk insamel en die vreugde vier om saam te kan werk vir 'n groter doel.

***Ons is werklik opreg dankbaar!***









# MATRIEKAFSKEID HULP

Ons wil graag bydra tot Terecia se wenslys vir haar matriekafskeid, 23 Oktober. Ons wil graag help met die huur van n rok, skoene, bykomstighede, hare & grimering, fotograaf, koste verbonde aan uitnodiging, motor, blom of eetgoed vir n klein funksie voor die tyd.

***Indien jy kan help kontak asb vir Elizmari (084 998 7865)***






# AGTER-PAARL PLAASBASAAR

Maak sommer nou al 'n nota om hierdie Saterdag by ons vriende by Agter-Paarl te gaan kuier! Daar is heerlike vars plaasprodukte en lekker aktwiteite vir die kinders!

# HAM SIP & PAINT

Kry 'n paar vriendinne bymekaar, laat julle kreatiewe kant vloei en gaan ondersteun Huis Andrew Murray.

Toringkerk is spesifiek betrokke by Huis Aristea en ons stap al jare 'n pad met HAM.



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

# Tk dagboek DIE DATUM



**24 AUG**

GEMEENTE-TEE

TK SAAL | 10:30



**5-7 SEPT**

MARKIETIE

TK SAAL | 18:00



**17 SEPT**

PAARL RINGSITTING

NG SUIDER PAARL | 18:00



**28 SEPT**

POPPEKAS

Toringkerk | 09:30




**17-19 OKT**

BELYDENIS KAMP



**26 OKT**

BELYDENIS AFLEGGING

Toringkerk | 09:00

# BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

14 Sep Hennie Fourie
14 Sep Martha Kruger
14 Sep Paulette Louw
14 Sep Maggie Pretorius
14 Sep Michaela Raasch
14 Sep Ronald Terblanche
14 Sep Hans van der Sluys
14 Sep Elzabé Vogt
15 Sep Elna Bredenhann
15 Sep Hanneen Denyer
15 Sep Jaco Fourie
15 Sep Anika Kleynhans
15 Sep Johan Loubser
15 Sep Christo van Rooyen
15 Sep Kim Wiese
16 Sep Anneri Laing
16 Sep Esté Prins
16 Sep Niël Roux
17 Sep Chrissie Truter
17 Sep Brenda van Schalkwyk
17 Sep Marais Wiese
18 Sep Aidan Compion
18 Sep Ludein Gebhardt
18 Sep Stephan Nel
18 Sep Jackie Oliver
18 Sep Liam Welgemoed
19 Sep Petrus Botes
19 Sep Bridie-Allen Kotze
19 Sep Anuscha Schenke
19 Sep Jacques Theron
19 Sep Stephné Vorster
20 Sep Dennis Basson
20 Sep Ay Bester
20 Sep Geanné Gelderblom
20 Sep Zelmari Van der Merwe
20 Sep Heinrich van Wyk

# KINDERS & JEUG

## KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.7)

Kinderkleingroepe hierdie Sondag. Jesus maak gesond in Tirus

## KRUISCONNECT (GR. 8-10)

KruisConnect gaan voort hierdie Sondag - van na die diens tot 11:30.

## TIENERKERK (GR. 7-12)

Tienerkerk gaan voort Dinsdag om 19:00.

# TAIZÉ TEKSTE VIR DIE WEEK

**SONDAG, 14 Sept**
Luk. 15:11-32

**MAANDAG, 15 Sept**
Sam.22:1-20

**DINSDAG 16 Sept**
Hand. 10:1-35

**WOENSDAG, 17 Sept**
Matt. 11:25-27

**DONDERDAG, 18 Sept**
1 Sam 16: 1-13

**VRYDAG, 19 Sept**
Rom. 8:26-27

**SATERDAG, 20 Sept**
1Tess 3:12-13

**SONDAG, 21 Sept**
Luk. 16:1-13

# DEURKOLLEKTE

SINODALE DEURKOLLEKTE: ZIMBABWE, MALAWI & MOSAMBIEK

Die NG Kerk het in 1891 met werk in die suide van Zimbabwe begin. Die Reformed Church in Zimbabwe se hoofkantoor is op Masvingo en hulle het meer as 80 gemeentes met ongeveer 80 predikante. Ons ondersteun veral teologiese opleiding, mediese dienste by hospitale en klinieke asook literatuurontwikkeling. Die werk in Malawi het in 1889 begin. In 1924 het die CCAP (Church in Central Africa Presbyterian) ontstaan. Die huidige regering geniet breë stein, maar voer 'n opdraande stryd teen korrupsie en sukkelende ekonomie. Die CCAP-leierskap speel 'n positiewe rol om geneenskappe op te bou. Die werk in Mosambiek is telkens onderbreek deur regeringsteenkanting en burgeroorlog. Daar is vandag 80 000 lidmate en 86 predikante in die Igreja Reformada em Mozambique.

# KALENDERBORG: SEPTEMBER

FRAME
consulting engineers
www.framegroup.co.za | info@framegroup.co.za | +27 21 872 4436
STRUCTURAL-, BUILDING- & CIVIL ENGINEERING | DEVELOPMENT- & REDEVELOPMENT PLANNING | BUILDING & PROPERTY INFORMATION MANAGEMENT | ELECTRICAL- & SOLAR POWER ENGINEERING

# KONTAK ONS GERUS!

## ONS WIL GRAAG GESELS!

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

### JEUG

Stefan Smit | 074 232 0008 | jeug@toringkerk.co.za

### TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Anna-Marie le Roux | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

### AFLOSKOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### PROJEKKOöRDINEERDER

Sumien Symington | 083 585 6570 | projek@toringkerk.co.za

### FINANSIES

Annelie Dell | 021 872 6730 | finansies@toringkerk.co.za

### TORINGKERK INLIGTING

Gebruik die QR kode hieronder om deel te raak van die Toringkerk Whatsapp gemeenskap en om die afkondigings op jou foon te kry.



# OFFERGAWES

## OFFERGAWES,MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

**TORINGKERK ZAPPER**

# TK WHATSAPP

## TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

SLUIT AAN EN BLY IN KONTAK METJOU TORINGKERK GEMEENSKAP VIA WHATSAPP

**TORINGKERK WHATSAPP GROEP**

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.